



Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Bylae by die

**HANDELINGE VAN
DIE ALGEMENE SINODE
1966**

Addisionele kopieë van hierdie gewysigde Kerkorde kan by Die Sondag-
skool-Boekhandel, Posbus 396, Bloemfontein, teen 15c stuk (posvry) verkry
word.

Op las van die Algemene Sinode mag slegs hierdie teks van die Kerkorde
gebruik word —

A. J. V. BURGER, Scriba Synodi.

KERKORDE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

HOOFSTUK

DIE BELYDENIS EN ORDE VAN DIE KERK

Artikel 1:

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met Gods Woord bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618—1619, naamlik die Sewe-en-dertig Artikels van die Nederlandse Geloofs-belydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Vyf Dordtse Leerreëls.

Artikel 2:

Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik toegaan (1 Kor. 14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die Kerk met die oog op die volbrenging van sy taak en roeping ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Belydenis.

Hierdie bepalinge handel oor die ampte in die Kerk, die vergaderinge van die Kerk, die werksaamhede van die Kerk, regering en tug van die Kerk en die betrekkinge van die Kerk na buite.

HOOFSTUK II

DIE AMPTE VAN DIE KERK

A. Algemene Bepalinge:

Artikel 3:

Behalwe die algemene amp van die gelowige, is daar drie besondere ampte waaraan Christus die dienswerk van die kerk toevertrou het; dié van bedienaar van die Woord, dié van ouderling en dié van diaken. Hierdie drie ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, angesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van Sy kerk is.

Artikel 4:

Niemand kan in die Kerk van Christus in een van hierdie ampte dien sonder dat hy op wettige wyse beroep (of verkies), die nodige approbasie verkry het en bevestig is nie.

B. Die Bedienaars van die Woord:

Artikel 5:

- (a) Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:
- (i) 'n deeglike teologiese opleiding; en
 - (ii) die ondertekening van die Formuliere van Enigheid.

- (b) Die vereistes vir en die aard van die toesig oor die opleiding, sowel as die plekke waar die opleiding geniet sal word, word deur die Algemene Sinode bepaal.
- (c) Die sorg vir en beheer oor die verskillende inrigtinge waar die opleiding geskied, word toevertrou aan 'n Raad van Kuratore wat saamgestel word volgens bepalinge van die Sinode of Sinodes binne wie se ressort die betrokke inrigtings geleë is wat deur die Algemene Sinode goedgekeur is. Hierdie Curatoria doen verslag aan hulle Sinodes sowel as aan die Algemene Sinode.
- (d) Die afneem van die Proponentseksamen geskied deur 'n kommissie van die Sinode of Sinodes binne wie se ressort die inrigtings geleë is, terwyl die ander Sinodes die reg sal hê om elk een afgevaardigde op die kommissie te benoem, op voorwaarde deur die Algemene Sinode bepaal.

Artikel 6:

- (a) Die toelating tot die bediening van die Woord geskied deur die Legitimasiëkommissie van die Algemene Sinode, wat bestaan uit die Aktuarius van die Algemene Sinode tesame met een lid van elk van die ander Sinodes.
- (b) Aan hierdie kommissie word verder toevertrou:
 - (i) Die hou van Colloquium Doctum
 - (ii) Die beslissing oor aansoeke om behoud van status van bedieners van die Woord.

Artikel 7:

Die beroeping van die bedienaar van die Woord geskied deur die gekombineerde kerkraad onder voorsitterskap van die leraar of, as daar net een leraar aan die standplaas verbonde is, van die konsulent.

Artikel 8:

- (a) Die bevestiging geskied nadat
 - (i) approbasie van die gemeente deur afkondiging verkry is;
 - (ii) approbasie van die ring verkry is;
 - (iii) akte van demissie uit die vorige werkkring ingelewer is.
- (b) In die geval van proponente of kandidate tot die heilige diens moet die akte van toelating getoon word en geskied die bevestiging met oplegging van hande.

Artikel 9:

Tot die taak van bedienaar van die Woord behoort:

- (a) die verkondiging van die Woord van God en die diens van die gebede;
- (b) die bediening van die sakramente;
- (c) die leiding van die eredienste;
- (d) die behartiging van die kategetiese onderwys;
- (e) die uitoefening, saam met die ouderlinge en diakens, van die regering van en tug oor die gemeente;
- (f) die doen van behoorlike huisbesoek en behartiging van die herderlike sorg van die gemeente;
- (g) die leiding van kerkraadsvergaderinge.

Artikel 10:

Geen bedienaar van die Woord mag in 'n ander gemeente sonder toestemming van die kerkraad daarvan optree nie.

Artikel 11:

'n Bedienaar van die Woord mag nie sonder gewigtige redes tot 'n ander lewenstaak oorgaan nie. As hy egter sy gemeente verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar, verbeur hy sy status as bedienaar van die Woord, tensy hy in sinodale diens tree of vooraf van die legitimasiëkommissie van die Algemene Sinode verlot tot behoud van status ontvang het. Sodanige verlot tot behoud van status mag alleen verleen word indien die betrekking wat hy aanvaar het, 'n geestelike karakter dra en met die verkondiging van die Woord in regstreekse verband staan.

Artikel 12:

Indien 'n leraar nie langer sy gemeente tot stigting kan dien nie, mag die Ring die band tussen leraar en gemeente losmaak indien daar, volgens die oordeel van die ring, billike voorsiening vir die leraar gemaak is.

Artikel 13:

Die gemeente of kerk in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, is verantwoordelik vir sy lewensonderhoud.

Artikel 14:

Wanneer 'n bedienaar van die Woord uit die diens tree op grond van verswakte gesondheid of weens ouderdom of andersins, en as hy daarvoor kwalifiseer, moet hy pensioentoeleae ontvang volgens die bepalinge van die reglemente van die bestaande pensioenfondse. Daar behoort ook voldoende voorsiening gemaak te word vir die weduwees en wese van die bedienaars van die Woord.

C. Ouderlinge en Diakens:

Artikel 15:

Die Sinode bepaal die dienstermyn van ouderlinge en diakens; daar sal in die reël 'n gereelde aftreding van ouderlinge en diakens wees.

Artikel 16:

Tot die amp van die ouderling behoort:

- (a) die roeping om ander na Christus te lei;
- (b) die regering van die gemeente;
- (c) die doen van huisbesoek in die gemeente;
- (d) die uitoefening van opsig en tug;
- (e) waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer;
- (f) medeverantwoordelikheid saam met die bedienaars van die Woord vir die kategetiese onderwys.

Artikel 17:

Tot die amp van die diaken behoort:

- (a) die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens nodig het;

- (b) die insameling en besteding van die middele wat vir die diakonale werk nodig is;
- (c) die organisering en/of insameling van die liefdegawes vir instandhouding van die erediens.

HOOFSTUK III

DIE VERGADERING VAN DIE KERK

A. Algemene Bepalings:

Artikel 18:

Daar is vier gewone kerklike vergaderinge:
Kerkraad, Ring, Sinode en Algemene Sinode.

Artikel 19:

Die opsig oor, die regering van en die tug in die Kerk word aan hierdie vergaderinge toevertrou.

Artikel 20:

- (a) Hierdie vergaderinge het, elkeen na sy eie aard, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen.
- (b) Die gesag van die ring oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode oor die ring en van die Algemene Sinode oor die sinode.

Artikel 21:

Die vergaderinge behandel alleen kerklike sake en wel op kerklike wyse.

Artikel 22:

In meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar tuis hoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge, of wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie.

Artikel 23:

Die besluite van vergaderinge is bindend, maar is vatbaar vir beroep op 'n meerdere vergadering.

Artikel 24:

Die handeling van alle vergaderinge moet met die aanroeping van die Naam van die Here begin en met danksegging beëindig word.

Artikel 25:

Alle vergaderinge moet 'n voorsitter hê wat verantwoordelik is vir die leiding en ordelike verloop van die vergadering, en 'n skriba wat die handeling van die vergadering opteken en die opdragte uitvoer.

B. Besondere Bepalings:

1. DIE KERKRAAD:

Artikel 26:

Elke gemeente het 'n kerkraad, aan wie die opsig oor, die regering van en die tug oor die gemeente toevertrou is.

Artikel 27:

Die kerkraad bestaan uit die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en die diakens. Vir die behartiging van die besondere werksaamhede aan die onderskeie ampte verbonde mag die ouderlinge en diakens, waar nodig, afsonderlik vergader.

Artikel 28:

Die kerkraad vergader minstens vier maal per jaar en wel onder voorsitterskap van die leraar of leraars om die beurt as daar meer as een is. By onstentenis van die voorsitter tree die konsulent op wat deur die ring daartoe aangewys is.

2. DIE RING:

Artikel 29:

As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, word naburige gemeentes onderling verbind tot ringe. Hierdie groepering van gemeentes word van tyd tot tyd deur die sinodes gedoen. Die ring vergader een maal per jaar of soos deur die betrokke sinode bepaal.

Artikel 30:

- (a) Alle leraars van gemeentes, met en benewens een ouderling uit elke gemeente, wat onder die ring ressorteer, het sitting in die ring.
- (b) As 'n gemeente meer as een predikant het, het die kerkraad die reg om nog een ouderling vir elke bykomende predikant af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit.
- (c) Alle afgevaardigdes moet van geloofsbriefwe voorsien wees.

Artikel 31:

Tot die werksaamhede van die ring behoort:

- (a) kerkvisitasie;
- (b) die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;
- (c) advies en hulp aan kerkrade;
- (d) die stigting van nuwe gemeentes op versoek van kerkrade en die reëling van gemeentelike grense;
- (e) die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf in beroep voor hulle gebring word.

3. DIE SINODE:

Artikel 32:

Die Sinode word saamgestel uit afgevaardigdes uit die gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik kan saamkom. Die groepering geskied aanvanklik deur die vyf kerke self, maar kan later deur die Algemene Sinode gewysig word op versoek en met goedvinde van die betrokke sinode.

- (a) Die sinode word saamgestel deur al die leraars en een ouderling van elke gemeente binne die ressort.
- (b) As 'n gemeente meer as een predikant het, het die kerkraad die reg om nog een ouderling vir elke bykomende predikant af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit.
- (c) Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur een lid van die personeel óf van die Kweekskool op Stellenbosch óf van die Teologiese Fakulteit, Pretoria.
- (d) Afgevaardigdes moet van geloofsbriefe voorsien wees.

Artikel 34:

Die sinodes sal elke vier jaar vergader, sover moontlik in dieselfde jaar en wel wanneer daar geen Algemene Sinode gehou word nie.

Artikel 35:

Tot die taak en bevoegdhede van die sinode behoort:

- (a) die opstel en wysiging van bepalinge en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die Kerkorde in stryd is nie;
- (b) die behartiging van alles wat die plaaslike kerke in die gebied gemeen het, met uitsondering van die sake wat by die Algemene Sinode tuis hoort;
- (c) die opleiding van evangeliedienaars soos deur art. 5 begrens;
- (d) sending en barmhartigheidsdiens, evangelisasie, openbare sedelikheid, jeugsake en ander algemene sake wat aandag vereis binne sy ressort, ooreenkomstig die bepalinge van die Algemene Sinode;
- (e) die opbou van 'n administrasiefonds en ander fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansiering van die Algemene Sinode volgens 'n aangenome formule;
- (f) die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van beroep voor hom gebring word;
- (g) die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode uit sy lede.

Artikel 36:

Die samestellende kerke of sinodes behou volle seggenskap oor hul eiendomme, finansies, werksaamhede, ens., wat hulle voor toetreding tot die verband gehad het of daarna verwerf, behalwe dié wat volgens hierdie Kerkorde aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word, of deur die Algemene Sinode in trust gehou word.

Artikel 37:

Dit sal die samestellende kerke vry staan om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ens., uit die verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God kan regverdig in die lig van Sy heilige Woord.

4. DIE ALGEMENE SINODE:

Artikel 38:

- (a) Die Algemene Sinode word saamgestel uit 50 afgevaardigdes, d.w.s. 25 leraars en 25 ouderlinge, van elkeen van die sinodes. Die Neder-

- duitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het egter reg op 150 afgevaardigdes, die helfte predikante en die helfte ouderlinge. Kleiner sinodes het die reg om aanvanklik minder afgevaardigdes te stuur.
- (b) Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur een lid elk van die personeel van die Kweekskool op Stellenbosch en van die Teologiese Fakulteit, Pretoria.
- (c) Afgevaardigdes moet van geloofsbriefe voorsien wees.

Artikel 39:

Die moderatuur van die Algemene Sinode bestaan uit 'n moderator, 'n assessor, 'n aktuaris en 'n skriba. By elke Algemene Sinode word twee ander lede van die vergadering onderskeidelik tot moderator en assessor gekies.

Artikel 40:

- (a) Die moderatuur bestaan ná afloop van die vergadering as kommissie van die Sinode voort, maar word aangevul deur een lid uit elke sinode wat nie in die moderatuur verteenwoordig is nie. Ten minste twee ouderlinge moet in die Breë Moderatuur dien.
- (b) Hierdie Breë Moderatuur sal:
- (i) uitvoering gee aan opdragte van die Algemene Sinode wat nie onder die werksaamhede van ander kommissies van die Algemene Sinode ressorteer nie;
 - (ii) onder verantwoording aan die volgende Algemene Sinode sake van spoedëisende aard gedurende die reses voorlopig hanteer;
 - (iii) die volgende Algemene Sinode voorberei, maar nie ipso facto lede van die volgende sinode wees nie; en
 - (iv) desnoods 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode byeenroep ná raadpleging met die moderature of tussentydse kommissies van die verskillende sinodes.
- (c) Vakatures:
- (i) Vakatures wat in die reses in die Breë Moderatuur ontstaan, word deur die Breë Moderatuur aangevul op voordrag van die sinode, of sinodale kommissie van die sinode, uit wie se gelede die persoon in wie se plek die vakature ontstaan het, oorspronklik verkies is.
 - (ii) Die Breë Moderatuur benoem self, nadat die vakature onder (i) hierbo aangevul is, iemand om die amptelike funksies van die persoon, in wie se plek 'n vakature ontstaan het, waar te neem.

Artikel 41:

Die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, gaan op die Algemene Sinode voor totdat die moderator gekies is.

Artikel 42:

Die Algemene Sinode vergader elke vier jaar, voorlopig om die beurt in Kaapstad, Bloemfontein en Pretoria.

Artikel 43:

Tot die taak van die Algemene Sinode behoort:

- (a) die aanwysing van die Bybelvertaling wat amptelik gebruik moet word;

- (b) die vasstelling van die belydenisskrifte, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruike, die Psalm- en Gesangboek en die orde van eredienste;
- (c) die behartiging van die gemeenskaplike belange van die sinodes wat voorheen deur federale en gefedereerde liggame behartig is;
- (d) die vasstelling van die vereistes vir en toesig oor die opleiding van bedienaars van die Woord en die ondersteuning van die sinodes, finansieel sowel as andersins, waar die opleiding geskied;
- (e) waar nodig en daartoe versoek, ondersteuning van die sending, diens van barmhartigheid en ander werksaamhede binne die ressort van sinodes;
- (f) die administrasie van vaste eiendomme en fondse benodig vir die werksaamhede van die Algemene Sinode, waarvoor daar behoorlike reglemente opgestel sal word;
- (g) die bepaling van beleid wat gevolg moet word i.v.m. die werksaamhede wat deur die sinodes behartig word;
- (h) alle sake wat na hom verwys word deur sinodes of nie deur sinodes afgehandel kon word nie, of by wyse van hoër beroep voor hom gebring word;
- (i) die behartiging van die ekumeniese belange van die Kerk (cf. Art. 70d);
- (j) beheer oor algemene kerklike publikasies.

Artikel 44:

- (a) Die wysiging van die belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n twee-derde-meerderheid ten gunste daarvan besluit het.
- (b) Die Algemene Sinode mag, met uitsondering van (a), die Kerkorde wysig of aanvul met 'n twee-derde-meerderheidstem.
- (c) (i) Alleen sake i.v.m. leertug, leergeskille of geskille tussen sinodes onderling of tussen sinodes en mindere vergaderinge kan by wyse van hoër beroep voor die Algemene Sinode dien. In die gevalle van leertug en leergeskille word 'n twee-derde-meerderheidsbesluit vir die begragtiging van die uitspraak van die Sinode vereis.
- (ii) Indien 'n twee-derde-meerderheid nie verkry word nie, mag enige van die partye 'n verdere beroep op die afsonderlike sinodes doen. Die gesamentlike volstreekte meerderheid van stemme van die afsonderlike sinodes is dan beslissend.

Artikel 45:

Die Algemene Sinode kan vir die reëlins van sy vergadering en werksaamhede reglemente opstel, mits dit nie in stryd met die Kerkorde is nie.

Artikel 46:

Die Algemene Sinode mag kommissies benoem om hom van advies te dien of om besluite en opdragte uit te voer.

Artikel 47:

Die Algemene Sinode mag vir sy werksaamhede 'n algemene kerkkantoor organiseer en sekretarisse benoem met die oog op die voltydse behartiging van sekere werksaamhede.

HOOFSTUK IV

DIE ARBEID VAN DIE KERK

A. Die Openbare Erediens:

Artikel 48:

- (a) Die erediens is, onder die genadige werking van die Heilige Gees, die openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die heiliges — en wel onder leiding van die besondere ampte en deur die bediening van die Woord, die bediening van die heilige sakramente, die gebed, kerklied en offergawes.
- (b) Die inrigting van die eredienste word deur die kerkraad vasgestel met gebruikmaking van die amptelike Afrikaanse Bybelvertaling en die liturgiese orde van die erediens, asook die Psalm- en Gesangboek en die liturgiese formuliere, soos deur die Algemene Sinode vasgelê.
- (c) Die leiding van eredienste berus by die bedienaar van die Woord van die plaaslike gemeente of, in sy afwesigheid, by die konsulent, of by 'n ander bevoegde bedienaar van die Woord wat deur die kerkraad daartoe uitgenooi is, of by 'n ouderling wat 'n leesdiens waarneem.
- (d) (i) Die inhoud van die prediking moet steeds 'n verklaring en toepassing van die Heilige Skrif wees.
(ii) Daar sal ook minstens twaalf keer per jaar in volgorde aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek word.

B. Die Sakramente:

Artikel 49:

- (a) Die heilige doop word deur bedienaars van die Woord bedien in 'n erediens, behalwe by hoë uitsondering.
- (b) Die heilige nagmaal word minstens vier maal in die jaar in elke gemeente gevier.

C. Die Kategese:

Artikel 50:

Die kinders van die gemeente, asook alle buitekerklukes wat tot die gemeenskap van die Kerk wil toetree, moet onderrig word in die Woord van God en die leer van die Kerk met die oog op die aflegging van belydenis van geloof, waardeur hulle tot volle lidmaatskap van die Kerk toetree, met al die regte en verantwoordelikhede daaraan verbonde.

D. Die Herderlike Sorg:

Artikel 51:

Die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens sal deur getroue huisbesoek hulle herderlike sorg uitstrek tot alle lidmate van die gemeente, in besonder deur behoeftiges, siekes en oues van dae te besoek en hulle te bemoedig, te vertroos en te ondersteun. Voorts sal lidmate voortdurend gewaarsku word teen valse leringe en dwalings en teen wêreldsgesindheid en goddelose lewenspraktyke.

E. Evangelisasie:

Artikel 52:

Die kerke rig hulle tot diegene wat, vervreemd van die evangelie, in ongelooft of bygeloof verstrikt geraak het, om hulle, sover moontlik, deur evangelisasie terug te bring tot die gemeenskap met Christus en Sy Kerk.

F. Sending:

Artikel 53:

- (a) Sendingwerk is in eerste instansie die roeping van elke lidmaat van die gemeente en die plaaslike kerkraad. Dit is die uitvoering van 'n Skriftuurlike en Goddelike bevel van die drie-enige God. Dit behels die verkondiging van die evangelie aan nie-gekerstende mense.
- (b) Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, onderneem die gemeentes in kerkverband van ring en sinode sendingwerk.

G. Diens van Barmhartigheid:

Artikel 54:

- (a) Die kerke moet met priesterlike bewoënhed omsien na die armes en ander sorgbehoewendes om hulle te help, te troos en geestelik op te hef.
- (b) Waar die omvang en omstandighede dit eis, moet die diakonieë in kerkverband van ring en sinode inrigtinge vir hierdie sorgbehoewendes in die lewe roep.

H. Stoflike Aangeleenthede:

Artikel 55:

Elke kerklike vergadering sal die nodige voorsiening maak vir die sorgvuldige beheer van die stoflike aangeleenthede van die Kerk en jaarliks verslag doen van sy rentmeesterskap aan die gemeente, ring, sinode of Algemene Sinode, soos die geval mag wees.

HOOFSTUK V

KERKLIKE OPSIG EN TUG

Artikel 56:

Kerklike opsig word gehou en kerklike tug uitgeoefen:

- (a) (i) tot eer van God,
(ii) tot heil van die Kerk,
(iii) tot behoud van die sondaar:
- (b) volgens voorskrifte van
(i) die Woord van God,
(ii) die Kerkorde en ander bepalinge van die Kerk.

Artikel 57:

Aangesien die kerklike opsig en tug 'n geestelike karakter dra, moet die opsiners by die uitoefening daarvan die toon van die burgerlike regs-

pleging vermy. Hulle mag hulself nooit as regters beskou nie, maar moet as vaderlike opsieners, met diepe ootmoed voor God en met tere liefde en belangstelling, die oortreders probeer terugbring van hul dwaalweë, sonder aansien van persoon.

Artikel 58:

Tugmaatreëls mag nie toegepas word voordat 'n klag grondig ondersoek is en sonder dat die beklaaide genoegsame geleentheid gehad het om homself te verdedig nie.

Artikel 59:

- (a) Die kerklike opsig strek hom uit oor die hele lewenswandel van die lidmate, en die tug gaan oor alle tugwaardige sondes wat teen die Woord van God en die Belydenis indruis.
- (b) In die geval van geheime sondes moet gehandel word volgens die leer van Christus in Matt. 18:15—16.
- (c) In gevalle van openbare ergerlike sondes moet die betrokke kerklike vergadering handel volgens die bepalinge van die Kerk.
- (d) Onderskeid moet gemaak word tussen 'n enkele oortreding en volharding in die sonde.

Artikel 60:

Onder die kerklike opsig staan en aan die tug is onderworpe:

- (a) alle lidmate van die gemeente — belydende sowel as dooplidmate;
- (b) alle ampsdraers, t.w. ouderlinge en diakens, evangeliedienaars wat in hulle gemeente bevestig is, sowel as sendelinge, leraars wat met behoud van status as evangeliedienaar in 'n ander amp staan, teologiese professore, proponente en emeriti.

Artikel 61:

- (a) Op al die lidmate van die gemeente rus die verpligting om mekaar in broederlike liefde te vermaan en om sulke vermaninge ter harte te neem. In besonder is dit egter die roeping van die leraar en die ouderling om te vermaan.
- (b) Waar 'n lidmaat hom skuldig maak aan valse leerstellinge en openbare ergerlike gedrag, val hy onder die tug van die plaaslike kerkraad.
- (c) Ampsdraers, soos omskrywe in Art. 60 (b), staan onder die opsig en tug van die ring waaronder hulle ressorteer, met dien verstande dat die kerkraad se toesig oor ampsdraers die reg om as klaer op te tree veronderstel.

Artikel 62:

Wanneer tugmaatreëls toegepas word, word van die volgende gebruik gemaak na gelang van die vergadering wat tug uitoefen:

- (a) Lidmate:
 - (i) 'n bestraffing in of buite die vergadering van die kerkraad;
 - (ii) sensuur, wat bestaan uit die onthouding van die heilige bondseëls, sowel as die opskorting van lidmaatsrege, tot tyd en wyl daar bewyse van grondige berou is.
 - (iii) Waar sensuur toegepas is en die lidmaat in die sonde volhard, mag hy deur die kerkraad, ná raadpleging van die ring, van

die gemeente afgesny word deur die gebruik van die betrokke formulier.

(b) Kerkraadslede:

- (i) 'n bestraffing in of buite die vergadering van die ring;
- (ii) skorsing in die diens tot tyd en wyl daar bewyse van grondge berou is, met of sonder gebruik van die bondseëls.
- (iii) afsetting uit die diens deur die ring.

(c) Evangeliedienaars (soos hierbo omskrywe):

- (i) 'n bestraffing binne of buite die vergadering van die ring;
- (ii) sensuur tot tyd en wyl daar bewyse van grondige berou is wat alleen kan volg op 'n skorsing uit die diens deur die ring (hierdie skorsing uit die diens kan geskied met of sonder verlies van lewensonderhoud en met of sonder verlies van die gebruik van die bondseëls);
- (iii) afsetting uit die diens deur die sinode op aanbeveling van die Ring wat, ook in die geval van proponente, nietigverklaring van die Akte van Legitimasië insluit.

(d) In gevalle van ergerlike wangedrag deur 'n ampsdraer het die betrokke ring die reg om sodanige ampsdraers onmiddellik te skors met die oog op 'n deeglike ondersoek en spoedige afhandeling van die saak.

Artikel 63:

- (a) Elke beklaagde wat hom deur die uitspraak van 'n kerklike vergadering beswaard voel, het die reg tot hoër beroep op die volgende meerdere vergadering, t.w. op die ring en sinode.
- (b) In tugsake wat die leer van die Kerk raak, het klaer sowel as beklaagde in 'n vrypraak of skuldigbevinding die reg tot hoër beroep tot by die Algemene Sinode.

Artikel 64:

Tugmaatreëls word opgehef in die geval van:

(a) Lidmate:

- (i) Wanneer iemand hartgrondige berou betoon nadat hy onder sensuur geplaas is, moet die kerkraad, as hy oortuig is van die egtheid van die berou, die sensuur ophef.
- (ii) Wanneer 'n lidmaat deur die gebruik van die formulier van die gemeente afgesny is, en hy hartgrondige berou het en verlang om weer in die gemeente opgeneem te word, sal die kerkraad, as hy oortuig is van die egtheid daarvan, die lidmaat weer in die gemeente opneem met die gebruik van die betrokke formulier.

(b) Kerkraadslede:

In die geval van kerkraadslede word die sensuur, skorsing en afsetting opgehef deur die ring wat die tug toegepas het, op aanbeveling van die kerkraad onder wie se opsig hy hom bevind.

(c) Evangeliedienaars (soos hierbo omskrywe):

- (i) Opheffing van sensuur en skorsing vind plaas deur die ring wat die tug toegepas het, op aanbeveling van die kerkraad onder wie se toesig hy hom bevind.

- (ii) Herstel in die amp ná afsetting vind plaas deur die sinode wat hom afgesit het, op aanbeveling van die ring wat hom geskors het.
- (iii) Herstel in die amp in die geval waar leertug toegepas is, geskied deur die Algemene Sinode op aanbeveling van die sinode wat hom afgesit het.
- (d) In die geval van die ergerlikste sondes soos owerspel, moord, meened, growwe diefstal en wat verder deur die Algemene Sinode as sodanig beskou mag word, mag daar geen herstel in die amp, behalwe by hoë uitsondering en ná deeglike ondersoek, geskied nie.

HOOFETUK VI

BETREKKINGE VAN DIE KERK NA BUITE

Kerk en Staat:

Artikel 65:

- (a) Die Kerk, as vergadering van gelowiges wat die grond van sy bestaan vind, nie in die wilsuiking van sy lede nie, maar in die vrymagtige welbehag van sy Hoof, Jesus Christus, is in sy ontstaan, bestaan en voortbestaan selfstandig in eie bevoegdheid (soewerein in eie kring).
- (b) Die Kerk as instituut onderwerp hom aan die gesag en wette van die staat, in soverre dit sy deelname aan die regsverkeer en uitoefening van burgerlike regte betref en in soverre genoemde regsverkeer en burgerlike regte nie met Gods Woord bots nie.
- (c) Die Kerk aanvaar met dankbaarheid die beskerming deur die owerheid, asook die erkenning van sy onvervreembare reg tot die beoefening van vryheid van godsdienst in belydenis en byeenkoms, met dien verstande dat genoemde vryhede nie misbruik sal word om die fundamente van die staatsgesag te ondergrawe of om wanorde op publiekregtelike terrein te veroorsaak nie.
- (d) Die Kerk aanvaar dit as heilige roeping om steeds profeties en getuigend die staat en die wêreld waarin hy bestaan, aan te spreek.
- (e) Wanneer die Kerk owerheid oor 'n bepaalde aangeleentheid moet nader, moet dit deur die afgevaardigdes van die betrokke kerklike vergadering, t.w. kerkraad, ring, ens., geskied.

Kerk en Maatskappy:

Artikel 66:

Die Kerk sal aan maatskaplike organisasies wat op 'n positief Christelike basis georganiseer is, en wat ten doel het die bekamping van bepaalde maatskaplike wantoestande of die behartiging van bepaalde maatskaplike of opvoedkundige belange, sy medewerking en steun verleen, wanneer die optrede van sodanige organisasies tot bevordering van die Koninkryk van God strek. Die Kerk erken steeds die selfstandigheid in eie bevoegdheid van alle samelewingsverbande (bv. kerk, gesin, skool), gemeenskapstrukture (bv. verenigings, partye, ens.) en voorts die velerlei vrye maatskaplike verhoudings, so eie aan die moderne gedifferensieerde samelewing.

KERK EN ONDERWYS

Artikel 67:

- (a) Die Kerk aanvaar dit as sy roeping om toe te sien dat daar steeds 'n ereplek aan die Woord van God op die dagskole gegee word, dat die opvoeding van die jeug behoorlik en in 'n Christelike gees en rigting behartig word en dat, met die oog daarop, geskikte leerkragte aangestel word. Die Kerk erken die selfstandigheid in eie bevoegdheid van die skool en die universiteit maar het die reg om van skole en universiteite Christelike onderwys vir sy kinders en jong mense te verwag.
- (b) De Kerk sal hom daarvoor beywer om die Protestants-Christelike karakter van ons volk te beskerm en te behou en uit te bou.

Die Kerk en Vrye Vereniging:

Artikel 68:

- (a) Die Kerk wil graag die vorming van vrye vereniginge op positief Christelike grondslag aanmoedig.
- (b) Die mate waarin 'n bepaalde vereniging aanspraak op die steun van die kerk mag maak, sal afhang van die grondslag en doelstellinge van 'n bepaalde vereniging en sy uitlewing van daardie grondslag en doelstellinge in die praktyk.
- (c) Bestaande vereniginge op die terreine van jeug-, sending-, evangelisasie- en maatskaplike arbeid wat reeds die erkenning van die onderskeie kerke geniet het, word ook as sodanig deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk erken en aanvaar.

Die Kerk en Hulpdiens/e:

Artikel 69:

Behalwe in geval van vereniginge wat op vrywillige grondslag ontstaan en beheer word, het die Kerk die reg om sy eie lidmate vir bepaalde werksaamhede te organiseer deur kommissies van kerkraad, ring of sinode, of te laat organiseer deur hulpdienste wat opdrag daartoe van die Kerk ontvang het.

Die Kerk en Ekumeniese Betrekkinge:

Artikel 70:

- (a) Die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal steeds daarna strewer om met die kerke op gereformeerde grondslag in ons land welwillend saam te werk.
- (b) Met kerke van gereformeerde belydenis en kerkregering in die buitenland sal, sover moontlik, deur middel van korrespondensie Christelike gemeenskap beoefen word en hulle emigrerende lidmate met attestasie ontvang word.
- (c) Met ander kerke van algemeen Protestants-Christelike belydenis sal, sover dit moontlik en prakties is, kontak gesoek word in ooreenstemming met die roeping van die Kerk om in gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif daarna te strewer om die eenheid van die gelowiges prakties te bevorder en te bestendig.
- (d) Die aard en/of graad van die betrekkinge met kerklike organisasies op ekumeniese grondslag sal met 'n twee-derde-meerderheid deur die Algemene Sinode beslis word.